Noordelike Sinode

TAAKSPAN JEUGBEDIENING NA COVID

Verslag

1. Taakspan

Taakspanleier: Christiaan Ackermann

Taakspanlede: Freddie Prozesky, Bernard van Wyk, Wynand Eloff en Fanie Fourie.

Vergaderings: Die taakspan het 5 keer vergader.

2. Werksaamhede

Daar het ‘n behoefte in die Noordelike Sinode ontstaan om uit te vind hoe dit met gemeentes se jeugbediening na die Covid-pandemie gaan. ‘n Taakspan is aangewys. Die taakspan het dit goedgedink om ‘n ‘Google’ vorm op te stel om uit te vind hoe dit met gemeente se jeugbediening gaan. Die vorm is uitgestuur aan al die gemeentes in die Noordelike Sinode. Die vrae was opgestel om vas te stel wat die moontlike jeugbediening behoeftes van gemeentes in die Noordelike Sinode is.

Die terugvoer het daarop gewys dat daar ‘n behoefte is aan gemeenskap. Mense wat met die jeug in gemeentes werk, voel somtyds asof hulle geïsoleerd is en kort ‘n platform om met mekaar te kommunikeer. Daar is oorgenoeg materiaal vir laerskoolbediening, maar gemeentes sukkel met jong volwassenes, veral omdat kontekste so baie verskil van die materiaal wat beskikbaar is. Daar is ook groot vrae oor wat die beste materiaal is aangesien daar so baie beskikbaar is. Daarom is ‘n WhatsApp-groep gestig waar leraars vrae kon vra oor enige iets in die bediening. Hierdie kommunikasie sluit die uitruil van idees in en ‘n platform waar hulle met ander jeugwerkers kan klankbord.

Aansluitend by die voorafggaande het die taakspan dit goed gedink om ‘n geleentheid te skep waar jeugwerkers in die Noordelike sinode kan ontmoet. Hierdie geleentheid is op 9 en 10 Januarie 2026 te Badseloop Jeugkampterrein gehou. Daar was ongeveer 15 mense teenwoordig, wat bestaan het uit dominees en jeugwerkers. Hierdie geleentheid was gefokus op die bou van verhoudings. Geleentheid is geskep waar die bywoners mekaar beter kon leer ken.

Verder was daar ook ‘n maatskaplike werker (Sonja Prozesky) teenwoordig wat ons kom toespreek het oor die korrekte prosedures rakende die wetlike aspekte van kinders en tieners. Dit was werklik ‘n leersame sessie gewees.

Dit was ook ‘n geleentheid om te hoor waarmee ander gemeentes se jeugbedienings besig is, wat werk en wat werk nie. Daar was dus geleentheid om te hoor wat die uitdagings is waarmee jeugbedienings in gemeentes gekonfronteer word.

Verder het die taakspan ook ‘n aanlyn platform geskep waarby enige iemand wat met die jeug in gemeentes werk, kan inskakel. Tydens hierdie geleenthede gesels ons saam oor sekere temas wat met jeugbediening te doen het. Daar was twee geleenthede gewees. Die eerste geleentheid het ons gesels oor kategese materiaal, wat is beskikbaar en watter gemeentes maak gebruik van watter materiaal. Tydens die tweede geleentheid het Dr. Wicus vd Merwe met ons gepraat oor die gebruikmaking van vrywilligers. Hy het ons gehelp dink oor hoe ons vrywilligers hanteer en wat die uitdagings rondom vrywilligers is. Die tyd was te kort en Wicus het ingestem om ‘n tweede rondte met ons te gesels. Die beplanning is dat dit in-persoon sal plaasvind. Die datum sal nog bevestig

3. Verdere beplanning

Alhoewel die taakspan amptelik ontbind, is die taakspan bereid om met hulle werksaamhede voort te gaan. Hulle is dus o.a. bereid om weer ‘n wegbreekgeleentheid te hou, waar daar verder saam gekuier, gedink en gedroom kan word oor jeugbediening. Datum, tyd en plek sal via die Verskil bevestig word.

Verder is hulle ook bereid om met die aanlyngeleenthede voortte gaan, aangesien dit ‘n groot behoefte aanspreek. Die datum en tyd van die volgende geleentheid sal gekommunikeer word.

Daar is ook ‘n WhatsApp-groep gestig waar enige iemand vrae oor jeugbediening kan vra en waar daar deurlopend met mekaar gekommunikeer word. Enige iemand is welkom om deel van die groep te word. Stuur ‘n boodskap aan Christiaan by 0662961650 om deel te word van die groep.